



Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-14

Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:13

Dawid het gedink dat sy sonde met Batseba en die moord op Uria geheim sou bly ná sy vinnige huwelik. Die Here stuur egter vir Natan na Dawid met 'n sprekende gevallestudie: 'n Ryk man wat sy baie besittings spaar, neem die enigste besitting van 'n arm man, ja, sy hele lewe, om 'n besoeker te trakteer.

Dawid, wat reeds 'n jaar in sonde leef, word só deur Natan se vertelling geraak dat hy die skuldige genadeloos veroordeel. Vreesloos bring Natan die boodskap: Jy is die man!

'n Vreeslike oordeel word oor Dawid en die geslagte wat volg, aangekondig. Dawid ontvang die aangekondigde straf wat by die sondes wat gedoen is, pas: Swaard en onkuisheid verwoes Dawid se huis. Sy viervoudige vergeldingsoordeel tref hom: die

pasgebore seun van Batseba sterf, asook drie ander kinders – Amnon, Absalom en Adonia.

Dawid het berou, en God vergewe hom. Dawid sterf nie, want uit hom moet die Verlosser van die wêreld gebore word. Jesus Christus het sy bloed gestort tot 'n volkome versoening van al ons sondes. Ook het die Heilige Gees in ons harte kom woon.

Ondanks al God se genade oor hom pleeg Dawid nogtans die verskriklikste sondes ... en ons? Spreek ons lewe van die wonderlike vergewing van sondes en die inwoning van die Heilige Gees in ons harte?

**Ken jou sonde –
LEWE!**



Publikasie
Publication



Nr./No.: P23